


"Here, ek het gehoor wat van U vertel is en ek is vervul met ontsag vir wat U gedoen het. Doen dit tog ook in ons tyd, laat u dade ook in ons tyd ervaar word, ontferm U selfs in u toorn."

Habakuk 3:2 (1983 Vertaling)

Geopende Deure

# GEBEDSKALENDER

## OKTOBER 2019

**1 | DIE VERVOLGDE KERK** Al verwys ons liefderik na vervolgde gelowiges as 'familie' of 'broers en susters', kan dit moeilik wees om die warboel van hul emosies, asook die volharding wat dit verg om positief te bly, heeltemal te verstaan. Bid dat wanneer ons bid, God aan ons ŉ dieper begrip sal gee van alles wat hulle ervaar.

**2 | UGANDA** Toe Mercy (16) weier om terug te keer na Islam, het haar pa, in ŉ poging om haar te forseer, ŉ toordokter betaal om haar te vervloek. Sy het stuipe gekry en een van haar vingers gebyt. Later het sy die vinger verloor omdat die familie haar mediese sorg geweier het. Bid dat die Here haar sal help om dié verwerping te verwerk.

**3 | NIGERIË** Verlede jaar alleen, is sowat 1,300 Christene dood tydens Fulani-militante-geweld in Nigerië, wat hul families bedroef, getraumatiseerd en sommige met verwoeste eiendomme gelaat het. Bid vir die Here se vertroosting vir elkeen wat ŉ geliefde verloor het en bid vir Sy voortdurende voorsiening in hul lewens.

**4 | TOGO** Toe Mesoukouba, ŉ Gelowige vanuit ŉ Moslemagtergrond, tot geloof in Christus gekom het, het haar ouers haar probeer dwing om met ŉ Moslemman te trou. Toe sy weier het hulle haar onterf. Bid dat sy sal aanhou groei in haar geloof en vir die Here se voorsiening.

**5 | IVOORKUS** Rose (22) ervaar druk en bespotting omdat sy ŉ Christen geword het. In September, verlede jaar, het jeugdiges haar naaktheid aan talle in die gemeenskap ontbloot terwyl sy gestort het, wat haar ŉ groot oneer aangedoen het. Bid vir haar terwyl sy herstel van hierdie ontbering, asook vir wysheid om haar geloof uit te leef in haar vyandige dorp.

**6 | TUNISIË** Bid vir vrede vir gelowiges in Tunisië wat vervolging ervaar vir hul geloof. Bid dat hulle te midde van hul beproewinge sal konsentreer op hul identiteit in Christus en dat die Kerk geanker sal word in die geloof.

**7 | HORING VAN AFRIKA** Ruth* (in haar 20s) vlug al vir 14 jaar van haar familie omdat sy Islam verlaat het om Jesus te volg. Sedertdien getroud, ervaar sy en haar man Samuel* aanvalle weens hul geloof. Bid vir die Here se beskerming en voorsiening vir hierdie egpaar.




**8 | SRI LANKA** ŉ Span gelowiges sal Sri Lanka hierdie maand besoek tydens ŉ gebedsreis. Bid dat dit ŉ geseënde tyd sal wees vir die land, die mense en die regering. Bid vir al die voorbereidings vir hierdie reis, asook die veiligheid van personeel, gelowiges en besoekers.

**9 | ETHIOPIË** Gizachew (26) is uit die huis geskop en verwerp deur sy familie toe hulle uitvind dat hy ŉ volgeling van Jesus geword het. Bid dat hy sterk sal bly staan in die Here en dat sy lewe ŉ getuienis sal wees aan diegene om hom.

**10 | SUIDELIKE FILIPPYNE** Twee jaar nadat die Islamitiese Staat Marawi binnegeval het, bly meer as 2,000 families steeds in tydelike skuilings, byna 500 families in ontruimingssentrums en meer as 11,000 families by vriende en familie. Bid dat hierdie mense spoedig sal kan terugkeer na Marawi.

**11 | BROENEI** Onder die nuwe sjaria-wet word Christene verbied om die Evangelie aan enigiemand te verkondig. Bid dat God die Kerk sal lei onder hierdie nuwe wet en dat Hy aan gelowiges wysheid sal gee in die uitleef van hul geloof.

**12 | INDONESIË** Bid vir 30 families wat soek na die waarheid buiten Islam. Hulle is in verbinding met een van ons plaaslike vennote. Bid dat God ons vennoot sal lei sodat hy die Evangelie met hulle kan deel, en dat hulle so Christus sal leer ken.

**13 | MALEISIË** Om Islam te verlaat is onwettig in byna elke staat van Maleisië, met die gevolg dat Maleisiese Christene dikwels hul geloof wegsteek. Bid vir wysheid en beskerming vir hierdie geheime gelowiges, en dat hulle die teenwoordigheid van die Heilige Gees in hul daaglikse lewe sal ken.

**14 | ETHIOPIË** In 2018 het Airedin sy lewe vir Christus gegee. Een aand na Bybelstudie het plaaslike Moslems hom gekonfronteer, te lyf gegaan en sy been gebreek. Bid vir sy genesing en voorsiening in sy behoeftes, asook vir die Here se beskerming namate hy Hom bly dien.

**15 | INDIË** Bid vir die Christenfamilies in verskeie dorpies in Sentrale- en Oos-Indië wat deur hulle bure geboikot word as gevolg van hul geloof. Bid dat God hulle bure se harte sal versag teenoor hulle en dat Hy sal voorsien in al hul behoeftes.

**16 | INDIË** Pastoor Saksham* is valslik beskuldig dat hy mense na Christenskap bekeer en ŉ hofsaak is teen hom aanhangig gemaak. Bid dat borgtog toegestaan sal word en dat die aanklagte teen hom teruggetrek sal word.

**17| BANGLADESJ** Geopende Deure se geletterdheidsklasse rus vervolgde Christene toe, nie net met die nodige vaardighede om hul lewens te verbeter nie, maar ook met die selfvertroue om die Bybel met ander te deel. Bid dat God hierdie klasse deurlopend sal gebruik om gelowiges te versterk en ook so baie ander na Hom te lei.



**18 | NEPAL** Toe Arun*, ŉ afgetrede leëroffisier, Christus aangeneem het terwyl hy in die weermag gedien het, het hy vervolging ervaar vir sy geloof. Hy het ŉ visie om ŉ forum te stig om Christene in die weermag te bemoedig. Bid vir God se wysheid en leiding om sy visie te verwesenlik.

**19 | BHOETAN** Geopende Deure ondersteun jong Bhoetaanse gelowiges by ŉ teologiese kweekskool. Bid dat God vir hierdie jongmense die wysheid sal gee om te leer, te verstaan en om Sy woorde uit te leef. Bid dat hulle deur hul studies versterk sal word om ander gelowiges te kan dien.

**20 | LAOS** Tou* is herhaaldelik deur inwoners van sy dorpie aangeval as gevolg van sy geloof. Bid vir God se hand van beskerming oor Tou en die ander gelowiges in sy dorpie. Mag hulle bly vashou aan die Here in hul omstandighede.

**21 | VIËTNAM** Toe Giang* ŉ volgeling van Christus geword het, het sy ouers saam met die polisie gewerk om hom te vervolg en is hy uit sy eie dorp gejaag. Bid vir Giang en sy familie, asook ander families in Viëtnam wat swaarkry in die naam van Jesus. Bid dat die Here hulle vesting sal wees in moeilike tye.

**22 | CHINA** In Guangzhou, suidelike China, bied die buro van godsdienstige sake finansiële belonings aan vir inligting wat lei tot die sluiting van ongeregistreerde huiskerke, of die arrestasie van buitelandse sendelinge. Bid vir wysheid en volharding vir Chinese huiskerke en buitelandse Christene wat in die stad werk.

**23 | NOORD-KOREA** Baie van die geheime Noord-Koreaanse gelowiges is bereid om Bybels te ontvang, selfs

al kan dit hulle hul lewens kos indien hulle gevang word. Bid vir die veilige verspreiding van Bybels en digitale Bybels in Noord-Korea.

**24 | PERSIESE GOLF** In die Golf, wat oorheersend Moslem is, is dit byna onmoontlik vir Christene om veilig bymekaar te kom. Bid vir beskerming en krag vir ons Kerkfamilie in hierdie streek, en dat God ons plaaslike kerkvennote sal bly gebruik om hulle te versterk en te bemoedig.

**25 | JEMEN** Bid vir drie jong vroue, nuut in die geloof – dat hulle sterker sal word en vir geleenthede om ander te ontmoet wat hulle sal bemoedig. Mag die Here hulle, en ander gelowiges, beskerm teen twyfel, moedeloosheid en die gevolge van die oorlog.

**26 | IRAK** Bid vir die byna 50 Christen-families wat teruggekeer het na Telkef. Hulle sukkel met 'n tekort aan basiese dienste en sekuriteit. Hulle voel onveilig omdat daar steeds militêre spanning in die area is. Bid dat God vir hulle vrede en 'n sin van sekuriteit sal gee.

**27 | SENTRAAL-ASIË** Eldos, 'n Gelowige vanuit 'n Moslemagtergrond uit Kirgistan, wat aangerand is omdat hy geweier het om sy geloof in Jesus te versaak, is tans in 'n ander land waar hy deur Christene versorg word. Bid dat Eldos 'n veilige land naby Sentraal-Asië sal vind waar hy kan



bly, aangesien hy slegs 'n drie-maande permit het in die huidige land.

**28 | AZERBAIDJAN** Pastoor Hamid Shabanov probeer al sedert 1994 om sy kerk te registreer. Vyf-en-twintig jaar later en sy kerk mag steeds nie wettig bymekaarkom nie. Bid vir Pastoor Hamid en sy kerk – vir God se onderneming in dié saak. (Bron: Forum 18)

**29 | TADJIKISTAN** Hou asseblief aan bid vir Pastoor Bahrom – vir geestelike groei afgesien van sy gevangenskap, asook vir sy emosionele en fisieke gesondheid. Bid ook vir sy vrou en kinders om te volhard terwyl hy vir nog 'n paar maande in die tronk is.

**30 | TADJIKISTAN** Pastoor Bahrom se kerklede is uit hul kerkgebou verjaag nadat hulle Paasfees in die gebou gevier het, alhoewel die perseel, wat owerhede twee jaar gelede in beslag geneem het met sy inhegtenisname, sedertdien leegstaan. Bid dat God hierdie kerk sal versterk en aan hulle 'n nuwe gebou sal voorsien waar hulle kan bymekaarkom.

**31 | DIE KERK IN SUID AFRIKA** Die Kerk in Suid Afrika het 'n herlewing nodig en ons nasie het God nodig. Bid saam met ons Psalm 80:18 oor ons kerke en land – dat God ons sal vernuwe sodat ons weer Sy naam aanroep. Mag ons Sy spreekbuis word in ons land, asook 'n spreekbuis vir Sy vervolgde kinders.

*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

**Vervolg Maar nooit alleen.**

Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Open Doors South Africa

www.opendoors.org.za
Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org